

12 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 96:1-13

Fokusgedeelte: Psalm 96:12

Die ganse skepping sal die Here prys

Luther het na bewering gesê dat as die Here môre kom, plant hy vandag nog 'n boom. Ongeag waar die stelling vandaan kom, dit verwoord 'n belangrike waarheid. Die ganse skepping kan met vreugde uitsien na die koms van die Here. Plante en diere gaan saam deel in die verlossing en heerlijkheid wat die koms van die Here bring (Rom 8:19-21). Daarom kan en moet die bome in die bos saam bly wees en sing! In die lig van die fokusvers kan ons die volgende ter harte neem:

- *Luister na die bome!* In 'n besige en gejaagde lewe moet ons tyd maak om na die bome in die bos/tuin te luister. Luister mooi en hoor hulle sing! Hulle sing op die aarde (vs 11, 12) en in die hemel (Openb 5:13), hulle sing oor die heerskappy van die Here en oor sy koms. Wie die bome hoor sing, sal saam sing!
- *Sorg vir die bome!* Bome/plante wat sing oor die Here, moet met sorg en omgee behandel word. Versorging en bewaring van die skepping is vir gelowiges 'n prioriteit. Ons moet – sodat die bome kan aanhou sing!
- *Praat met die bome!* Almal moet sing oor die Here. Alle volke (vs 7), al die bome in die bos (vs 12). Hiertoe roep gelowiges, soos die psalmdigter, hulle op. Is jy traag of bang om mense op te roep tot lofprysing? Begin met die bome in jou tuin – dit sal uitkring totdat almal die Here prys!

Sing: Psalm 96:1, 6, 7 (2001) en Lied 464:1, 2, 3, 4

Ds FM Dreyer (Noordrand)